**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. 404/2002

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **ITUMELENG ISAAC MOLEHE** | Appellant |
| en | |
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

**CORAM:** **MALHERBE R.P. *et* LOMBARD R.**

---

**AANGEHOOR OP:** **7 JUNIE 2004**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **MALHERBE R.P.**

---

**GELEWER OP:** **17 JUNIE 2004**

---

Appellant is 'n 25-jarige eerste oortreder wat in die Streekhof verskyn het op 'n aanklag van verkragting van 'n 41-jarige vrou. Hy was deur 'n prokureur verteenwoordig en het onskuldig gepleit op die aanklag. Hy is skuldig bevind soos aangekla en gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf. In sy brief uit die gevangenis, wat as kennisgewing van appèl aanvaar kan word, bekla hy hom slegs oor die skuldigbevinding. Sy prokureur het

hom ook tot die skuldigbevinding beperk en het geen argumente met betrekking tot die vonnis voorgedra nie.

In sy pleitverduideliking het appellant by monde van sy prokureur, onder andere, die volgende op rekord geplaas:

> "Eerstens, die beskuldigde erken dat hy die klaagster wel ken. Die beskuldigde erken dat hy die aand van die voorval saam met die klaagster gedrink het in 'n sjebeen. Die beskuldigde erken dat hy saam met die klaagster vanaf die sjebeen na sy woning gestap het aangesien die klaagster se vrykêrel langs die beskuldigde woonagtig is."

Die oënskynlike botsing tussen die klaagster se getuienis en die ondersoek deur die geneesheer oor die datum van die voorval is derhalwe nie belangrik nie.

Dit is gemeensaak dat appellant en die klaagster mekaar nie net geken het nie maar mekaar goed geken het. Dit is ook gemeensaak dat die beligting die betrokke nag voldoende was vir hulle om mekaar te herken by die plek waar die klaagster beweer sy verkrag is. Beide stem in hulle getuienis saam dat hulle die aand of nag van die voorval by 'n sogenaamde taverne, of drinkplek, waarna in die getuienis verwys word as Sethlogo se plek, ontmoet het en gesellig saam gesels het. Beide het ook by die taverne bier gedrink. Hulle getuig ook beide dat hulle vanaf die taverne saam gestap het tot naby appellant se huis. Hy was oppad om

te gaan slaap en die klaagster wou by appellant se bure, waar haar vorige kêrel gebly het, gaan slaap. Volgens klaagster was dit toe ongeveer drie-uur die oggend terwyl appellant getuig dat dit omstreeks middernag was. Albei getuig dat hulle die onderskeie erwe binnegegaan het om die inwoners wakker te klop. Volgens klaagster het niemand die deur van die huis waar sy geklop het, oopgemaak nie en is sy deur 'n opening in die heining na 'n ander erf en vandaar na 'n ander straat. Sy het pas in daardie straat begin stap na haar tante se huis waar sy destyds gewoon het, toe appellant haar van agter nader, haar laat val en twee keer met haar geslagsverkeer gehad het teen haar wil nadat hy haar sweetpakbroek en damesbroekie uitgetrek het. Appellant se getuienis is dat hy by sy ouerhuis geklop het, dat sy suster, Alice Molehe, die deur vir hom oopgemaak het en dat hy gaan slaap het. Sy staaf sy weergawe.

Klaagster getuig verder dat sy ongeveer 5:00 voormiddag by haar tante se huis aangekom het. Daar was niemand tuis nie en sy het 'n rukkie gaan lê as gevolg van ontsteltenis en skok, asook die feit dat haar neus gebloei het. Sy verduidelik dat die neusbloei verband hou met hoë bloeddruk waarvoor sy destyds behandel is. Later daardie selfde dag, getuig sy, het sy 'n klagte by die Polisie gaan lê en appellant se noemnaam, nl. Papi, uitdruklik genoem as haar verkragter. Inspekteur Khakudi getuig dat

klaagster die klagte op Maandag 30 Julie 2001 by hom gelê het en dat die Verkragting-eenheid daarna die saak oorgeneem het. Die mediese verslag vorm J88 (Bewysstuk “B”) dui aan dat klaagster op 30 Julie 2001 om 14:55 ondersoek is. Die geneesheer het ook die volgende aangeteken wat klaarblyklik deur die klaagster aan hom of haar gesê is:

> “Om Sondag 29/07 om 04h00 verkrag deur bekende man.
>
> Oppervlak: Gruisstraat.
> Penetrasie: Vaginaal.
> Ejakulasie: Intravaginaal.”

Dat die klaagster wel verkrag is, is bewese. Al wat werklik in geskil was, is die identiteit van haar verkragter. In die lig van die feite wat gemeensaak is en wat hierbo uiteengesit is, is dit so onwaarskynlik dat die klaagster ‘n fout maak met betrekking tot die identiteit van haar aanvaller, dat dit as redelike moontlikheid buite rekening gelaat kan word. Die appèl teen die skuldigbevinding kan derhalwe nie slaag nie.

Gevolglik word die appèl afgewys en word beide die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

**J.P. MALHERBE R.P**

**EK STEM SAAM**

**D.J. LOMBARD R**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellant:** | Prokureur M. Litheko<br>Thaba Nchu |
| **Namens Respondent:** | Adv. E. van Rensburg<br>i.o.v.<br>Direkteur: Openbare Vervolgings<br>Bloemfontein |

/scd